# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

9 Februarie 2024

Geagte ouers/voogde

**NUUSBRIEF 5/2024**

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**LANDSWYE BEHEERLIGGAAMVERKIESINGS 2024**

Na 'n termyn van drie jaar, vind daar weer landswyd Beheerliggaamverkiesings plaas.
Neem asseblief kennis van Laerskool Villieria se verkiesing op **Maandag, 4 Maart 2024**. Dit neem die vorm aan van 'n voldag verkiesing vanaf **6:00 – 18:00**. Volledige inligting rakende die nominasie-proses, verkiesingsprosedure en lokaal, volg in ons volgende Nuusbrief.

**VILLIES OPEDAG**

En hier is die volgende lewensbelangrike datum vir alle voornemende graad R- en graad 1-Villies leerders vir 2025. ***Saterdag, 9 Maart 2024 (9:00 – 11:00).*** Maak seker jou kollega, buurmense, familie en vriende neem kennis. Hou ons Nuusbriewe dop en maak seker alle voornemende Villies bly ingelig.

**SKOOLDRAG**

'n Groot versoek vir elke ouerhuis, kom ons wakker weer daardie regte ou dae trots aan.

- ✓ Villiesdrag slegs op Vrydae, en op die dag wat die leerder LO-fisies het.
- ✓ Slegs swart skoolskoene saam met grys hemp en grys broek (of kaalvoet), en nie tekkies nie.

**Sien asseblief bladsy 19 van u kind se leerderdagboek.**

**VALENTYNSDAG**

Woensdag, 14 Februarie 2024 is Valentynsdag. Neem kennis dat dit wel 'n normale skooldag is met normale akademie wat plaasvind. Leerders trek skoolklere aan met ietsie rooi, *byvoorbeeld* dogters rooi lint in hare of seuns rooi kruisbande. Let wel, ietsie rooi is nie verpligtend nie.

**FOTO'S**

Alle fotobestellings moet voor of op Dinsdag, 12 Maart 2024 by die registeronderwysers inbetaal wees. Maak asseblief seker die korrekte bedrag word in die koevert geplaas.
Alle leerders wie individuele foto's gemis het, word Donderdag, 15 Februarie 2024 in hul skoolklere afgeneem, en nie Villiesdrag nie.

**SKAAK**

Almal is welkom by ons jaarlikse skaakaand vir entoesiaste, wat plaasvind vir alle ouers en leerders op Maandag, 12 Februarie 2024 in die skoolsaal (18:00 – 20:00). Die kafeteria sal ook oop wees.

**KULTUUR**

- **ATKV-Redenaars 2024/Welsprekendheid**

  Soos reeds in verskeie Nuusbriewe einde 2023 – die leerders wie daarvan hou om deel te neem aan Welsprekendheid, nooi ons uit om in te skryf vir 2024 se ATKV-Redenaarskompetisie.
  Leerders wie graag wil deelneem aan die ATKV-Redenaarskompetisie, moet hul name voor of op Dinsdag, 13 Februarie 2024 by juffrou Van der Bank se klas kom opskryf (Klasno. 25). Leerders moet asseblief 'n afskrif van hul praatjies inhandig.
  Indien 'n leerder se praatjie nog nie reg is nie, sal hul op 'n latere geleentheid die kans kry om deel te neem.
  Die eerste rondte van die ATKV-Redenaarskompetisie vind plaas Vrydag, 19 April 2024 en Saterdag, 20 April 2024.
  *Hier is die temas weer:*

| GRAAD 1 – 3 | GRAAD 4 – 5 | GRAAD 6 - 7 |
|---|---|---|
| ✓ Teken | ✓ Grond | ✓ Kompas |
| ✓ Sprokies | ✓ Komma | ✓ Wekker |
| ✓ Oorlosie | ✓ Foto | ✓ Waag |

- **Massa-Revue**

  Ons is baie opgewonde om u mee te deel dat ons in 2024 'n massa-revuefees gaan hou. Leerders sal 'n skrywe ontvang met al die nodige inligting. Oefening sal gedurende skooltyd plaasvind om die meerderheid leerders die geleentheid te gee om deel te neem. Motiveer asseblief u kind(ers) om deel te wees van hierdie geleentheid. Deelname is egter nie verpligtend, **maar onthou**, 'n betrokke leerder is egter 'n gelukkige leerder.

**SPORT**

- **Hekkies (Afrigting)**

  Kontak asseblief mev. Myrtle Grobler by 0828201989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

- **Fietsry**

  Indien jy enigsins al die gevoel gekry het dat jy tog jou kind vir 'n slag van die rusbank af wil kry, hier is jou kans. Laerskool Villieria is geaffilieer by Gauteng-Noord Skole Fietsry.
  'n Laerskool Villieria gazebo sal sigbaar wees by die byeenkomste vir leerders en/of ouers wat navrae het of sommer net 'n draai daar wil maak.
  Vir alle fietsry navrae, kontak mnr. Dewald van der Merwe – 0605199342.
  Sien onderstaande advertensie vir alle nodige inligting om in te skryf vir die opkomende byeenkomste.

- **Hengel**

  Goedkeuring is verleen, soos met fietsry, dat belangstellende leerders van ons skool by hierdie aktiwiteit betrokke kan raak en onder ons skool se naam mag deelneem. Of u kind(ers) al vis gevang het of nie, alle leerders is welkom. Hierdie aktiwiteit funksioneer heeltemal op sy eie. Geen personeel van ons skool is betrokke nie.
  Kontak asseblief vir mnr. Nico Stapelberg by 0609240851 of stapelberg911@gmail.com
  Leerders wie Provinsiale- en/of Nasionale Kleure verwerf, sal wel tydens ons weeklikse saalopeninge erkenning kry en mag soos enige ander prestasie op Vrydae hul Provinsiale en/of Nasionale Kleure skool toe aantrek.

- **<u>Rugby</u>**
  - **<u>Bulletjierugby (Graad R- tot 2-seuns)</u>**

    Betrokke ouers/voogde kan nou die seisoengeld betaal van R430.00 Betaling vir die Bulletjieseisoen sal gehef word op u skoolgeldrekening. Alle betalings word slegs by die finansiële kantoor gedoen, of per EFT-betaling waarvan die verwysingsnommer as volg is: U familiekode met die woord "Bul."

    Vir enige verdere inligting, kontak mnr. Johan Basson by 0827785800.

    <u>Oefentye vir die komende week:</u>

    ✓ Maandag 17:00 – 18:00

    ✓ Woensdag 17:00 – 18:00

  - **<u>Seuns o/9 – o/13</u>**

    <u>Oefentye vir die komende week:</u>

    ✓ o/9 en o/10 14:00 – 15:30 Donderdag

    ✓ o/11 – o/13 15:30 – 17:00 Donderdag

- **<u>Netbal</u>**
  - **<u>Mandjie-Netbal (Graad R)</u>**

    Hierdie dogters ontvang volgende week 'n toestemmingsbrief om aan die Mandjie-Netbaloefening te mag deelneem. Skeurstrokies word teruggestuur aan die klasjuffrouens.

  - **<u>Mini-Netbal (Graad 1- tot 3-dogters)</u>**

    Dogters wie se skeurstrokies teruggestuur was met toestemming vir deelname, se oefening begin volgende week.

  - **<u>Dogters o/10 – o/13</u>**

    Alle netbal dogters wat nie 'n netbalrokkie het nie, of wie s'n te klein is, kan Maandag, 12 Februarie 2024 – Donderdag, 15 Desember 2024 pasgroottes gaan pas, bestel en betaal by ons Villies Klere-Hub (7:00 – 9:00). Ons gee Vrydag, 16 Februarie 2024 die bestelling deur aan ons verskaffer sodat dit betyds kan arriveer vir ons eerste vriendskaplike wedstryd op Donderdag, 29 Februarie 2024.

    <u>Die kostes van die netbalrokkies is as volg:</u>

| GROOTTES | BEDRAG |
|---|---|
| 16 – 28 | R204.00 |
| 30 (XS) – 36 (L) | R215.00 |
| 38 (XL) | R231.00 |
| 40 (XXL) | R253.00 |

<u>Oefentye vir die komende week:</u>

✓ Donderdag 14:00 – 15:30

- **<u>Atletiek</u>**

  Die Clusterbyeenkoms vind plaas by Hoërskool Wonderboom op Dinsdag, 13 Februarie 2024. Atlete wat deelneem ontvang vandag 'n brief. Slegs hierdie atlete neem deel. Skeurstrokies moet asseblief Maandag, 12 Februarie 2024 teruggestuur word na juffrou Reid of juffrou Van Staden, **tesame met R10.00, 'n afskrif van hul geboortesertifikaat en 'n id-grootte foto**.

  o/7- en o/8-leerders neem nie deel aan die Clusterbyeenkoms nie aangesien daar nie items beskikbaar is vir hierdie ouderdomsgroepe nie.

  Atlete wie deelneem hoef nie skool toe te kom nie, hul sal nie afwesig gemerk word op Dinsdag, 13 Februarie 2024 nie. Atlete meld aan vir hul items by Hoërskool Wonderboom en kan daarna huis toe gaan.

Atlete moet asseblief by die oefeninge uitkom. ***Geen ouer/persoon mag by die skool afrig terwyl die skool se onderwysers besig is om af te rig nie.*** Atlete wie privaat afrigting kry, hoef nie by die skool se oefeninge aan te sluit nie.

Atlete neem deel in die volgende drag alleenlik:

- ✓ Villiesdrag, of
- ✓ Afmou villieshemp, of
- ✓ Villies ski-pant (beskikbaar by Villies-klerehub).

Oefentye vir die komende week:

| DAG | TYD | o/9 – o/13 | o/10 – o/13 | o/10 – o/13 | o/10 – o/13 | o/12 – o/13 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | 13:45 – 14:30 | Naelope en Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring | |
| | 14:30 – 15:15 | | | | | Diskus en Spiesgooi |
| Woensdag | 13:45 – 14:30 | Naelope en Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring | |
| | 14:30 – 15:15 | | | | | Diskus en Spiesgooi |

## HERHALENDE BOODSKAPPE

### PARKERING

As hoof van Laerskool Villieria, vra ek asseblief elke ouer/voog se volgehoue samewerking met die volgende. Ek het verskeie klagtes ontvang vanaf omliggende inwoners rakende ouers/voogde wat parkering aanbetref tydens af- en oplaai van leerders voor- en na skool, asook tydens byeenkomste en geleenthede by die skool. Kan ek van u vra om asseblief nie voor- of gedeeltelik voor mense se ingangshekke te parkeer nie. Mense wat dringend in- en uit hul erf moet ry, word dan verhinder om dit te doen of bemoeilik. Indien ‘n inwoner u vra om u voertuig te verwyder vanaf hul eiendom, respekteer dit asseblief en stop elders. Die skool streef nog altyd na ‘n goeie gesindheid teenoor ons inwoners.

### VOORTREKKERS

Sien aangeheg volledige inligting rakende die 2024-Voortrekkerseisoen. HIerdie is ‘n buitemuurs wat nog aandag gee aan ‘n verskeidenheid waardes en vaardighede.

### GRAAD 6- EN 7-OPVOEDKUNDIGE TOER (Veldskool)

Alle graad 6- en 7-leerders het Dinsdag, 30 Januarie 2024 briewe ontvang rakende hul opvoedkundige toer gedurende Oktober 2024. Neem vroegtydig kennis van die betalingsopsies. Indien EFT-betalings, wees seker u maak gebruik van u familiekode en die woord “Veldskool” as verwysing.

### OUERTOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN

Ons vra vriendelik vir ouers/voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid. Toegang kan SLEGS verkry word deur aan te meld by die kantoorhekkie in Ben Swartstraat. Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie. Ingang by die kantoorhek is beskikbaar Maandae – Donderdae (7:00 – 14:15) en Vrydae (7:00 – 13:45).

### VERDAAGTYE

Graad R- tot 7-leerders se verdaagtye (Maandae tot Vrydae) is as volg:

- ➢ Graad R – 2 13:00
- ➢ Graad 3 – 7 13:30

Indien daar ‘n verandering aan ‘n spesieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

**FINANSIES**

- **Onderriggelde**

  As mens oor onderriggeld praat, raak enkele mense soms ongemaklik, ***MAAR*** hierdie is die jaar wat hierdie hoof opnuut uit sy hart vra, sien asseblief die noodsaaklikheid raak om jou kind(ers) se onderriggeld te betaal. Jou skool het die afgelope jaar of twee besondere maatreëls in plek gestel om kwaliteit onderrig te verseker, asook om geboue en terrein in ‘n spogtoestand te hou. **EN ALLES KOM MET ‘N PRYS.**

- **Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgeld en rekeningstate**
  - Rekeningstate is reeds per e-pos aan alle ouers/voogde uitgestuur. Indien u nie ‘n e-pos ontvang nie, kontak asseblief die finansiële kantoor by finansies@laerskoolvillieria.co.za
  - Aansoekvorms vir vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde sal vanaf Woensdag, 24 Januarie 2024 per e-pos beskikbaar wees. Vorms word nie by die finansiële kantoor afgehaal of ingehandig nie, maar wel per e-pos gestuur. Indien u so ‘n vorm verlang, e-pos asseblief mevrou Ida Roodt by laasgenoemde e-posadres.

**BOUPROJEK**


Dis kwartaal een van 2024, en ons het kwartaal vier van 2023 en kwartaal een van 2024, geoormerk vir enige inisiatiewe, kontakte, asook kontantbydraes deur middel van ons Villies Boufondsvorms (koop-‘n-steen, koop-‘n-muur). Nuwe klasse moet aangebou word. Kontantbydraes en EFT-betalings vir die bouprojek word deur u kind se Villies Boufondsvorm gedoen en direk by die skool inbetaal.

Die redes vir ons genoemde Villies Bouprojek is om nuwe klasse aan te bou vir kwaliteit onderrig vir ons leerders:

- Graad 1 en 2 – Nou vyf klasse, waarvan een klas in ons buurkerkgebou gehuisves word;
- Graad 5 – Voogklas, asook Engels hou skool tans in die skoolsaal.

Kontak asseblief ons projekleier (ouer van die skool), meneer L.W. van der Merwe vir moontlike kontakte en/of inisiatiewe by lwvdmerwe@mediplanarch.co.za

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete

**DP HAASBROEK**
**HOOF**

***SIEN ADVERTENSIES OP VOLGENDE BLADSYE***


FP
FLUSH PLUMBERS
Est.2008
We are celebrating 16 years of service!
We offer a range of services:
CONSTRUCTION PLUMBING
NEW INSTALLATIONS
SOLAR GEYSERS
MAINTENANCE PLUMBING
For more information about our services, visit our website.
Derrick Reed
Certified Plumber | PIRB Registered
074 320 7194
Flush plumbers
www.flushplumbers.co.za
flush.plumbing@yahoo.com
Make sure to like and share our new Facebook page!


Jy MAG nee sê
Gesonde Grense
Ons praat oor:
• Jy mag opstaan vir jouself
• Waarvoor staan jy?
8 Mrt.
15:00 - 17:30
Rietfontein, Pta.
R120 pp
R50 boek
My Story
★ TIENER ~ WERKSWINKEL
Lizel: 082 675 4013
yourdestiny.org.za
Your Year - Your Destiny

# VILLIERIA LAERSKOOL

## TENNIS AFRIGTING (GROEP)

17 Januarie – 20 Maart 2024 (1ste Termyn)

Elke Woensdag middag

GR R – 13:00

GR 1 – 13:30

GR 2 – 14:00

GR 3 – 14:30

GR 4 – 7 15:00 MEISIES  GR 4 – 7 16:00 SEUNS

R60 per speler per ½ hr x 10 weke = R600

*R120 per speler per hr x 9 weke = R1 200*

Kwartaalikse betalings vooruit asb.

Skryf in p/whatsapp Cornelia 082-496-9878

Coach LOUIS 061-118-6567




---

Verhoog selfvertroue en verbeter selfbeeld

Ontwikkel jou kind se liggaam, koördinasie, balans, konsentrasie, uithou- en deursettingsvermoë

REITZ
STOEI AMATEUR WRESTLING

*Gestig in 1936*

Ontwikkel emosionele vermoë soos om wen-/verloor-situasies te kan hanteer en konflikhantering

Stoei is aanvullend tot alle sporte ,veral rugby

## AMATEURSTOEI • Die ideale sport vir jou kind!

Stoei is by verre die "oudste" sportsoort wat beoefen word en dateer meer as 15 duisend jaar terug volgens grottekeninge wat in Frankryk gevind is. Stoei het later veral onder die Grieke, Romeine, Russe en Egiptenare 'n populêre tydsverdryf en Olimpiese sportsoort geword.

**Van al die sportsoorte waarvan 'n ouer en kind kan kies, is stoei waarskynlik die beste keuse - veral wanneer die totale ontwikkeling van die kind in ag geneem word. (Moet dit nie vergelyk met rofstoei nie!!)**

# Kom geniet 'n oefensessie saam met die stoeiers van Reitz Stoeiklub



Kontak **Christo Reitz** vir meer inligting **082 322 2392**
506 Adcockstraat, Gezina | **www.reitzwrestling.co.za**

# GAUTENG SCHOOLS CYCLING

## DATES 2024

### GAUTENG SCHOOL SERIES

| PRIMARY SCHOOLS | | |
|---|---|---|
| Event #1 | 24 February | Hazeldean Valley Farm |
| Skills #1 | 9 March | Grootfontein MTB Park |
| Skills #2 | 6 April | Hazeldean Valley Farm |
| Event #2 | 11 May | Prime View Adventure & Leisure |
| Event #3 | 1 June | Die Bosveld |
| Event #4 | 3 August | Steyn City |
| Event #5 | 24 August | Grootfontein MTB Park |
| Interprovincial | 19 October | Harrismith |

GAUTENG SCHOOLS CYCLING




DELTA VOORTREKKERS
SATERDAG
3
FEBRUARIE '24
PD AFSKOP 2024
Vaardigheids speletjies en skattejag - Nie tradisionele boeresport nie. Ouers is welkom om saam te speel. Bring en braai na die tyd.
LAERSKOOL QUEENSWOOD (BOMA AREA) | 15 : 00
VERDERE INLIGTING SAL PER SPAN GEDEEL WORD


DELTA VOORTREKKERS
DELTA OUERBRAAI
3 FEBRUARIE 2024
17:00
L/S QUEENSWOOD - BOMA/KLUBHUIS (PUXLEY STRAAT INGANG)
BRING EIE STOEL , PIEKNIEK MANDJIE MET EETGEREI, VLEIS EN DRINKGOED (PAP & SOUS WORD VOORSIEN)